

4 Augustus

Skrifgedeelte: Jona 1

Ons kan nie “nee” sê vir God se sendingopdrag nie

Ons vind dit dikwels so moeilik om vir mekaar “nee” te sê, want ons wil in niemand se slegte boekies kom nie. Tog is dit vir ons so maklik om vir die Almagtige God “nee” te sê.

In Jona vind ons ‘n profeet wat prontuit vir die Here “nee” sê. Die Here gee in vers 2 aan Jona die opdrag gegee om noordoos na Nineve te gaan. Hy gaan egter weswaarts, reg in die teenoorgestelde rigting na Tarsis toe. Drie keer word in die hoofstuk herhaal dat Jona van die aangesig van die Here af weggegaan het.

In hoofstuk 4 noem Jona die rede waarom hy “nee” sê vir God se opdrag. Jona was bang dat Nineve hulle tot God sou bekeer. Hy het geweet dat die Here ‘n genadige God is wat Nineve sou vergewe as hulle hul tot die Here bekeer. As Jood was die moontlike redding van Nineve vir Jona onaanvaarbaar. Hy het geglo dat Israel God se uitverkore volk is en dat slegs Israeliete op die genade van God aanspraak kon maak.

Die Here laat egter nie toe dat Jona vir Hom “nee” sê nie. Deur die beskikking van ‘n storm en ‘n groot vis word Jona gedwing om sy opdrag uit te voer. Niemand kan van die Here af wegvlug nie. As God ons roep, kan ons nie ontsnap van ons roeping nie. In Romeine 11:29 staan dit duidelik: “As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.”

In Matteus 28:19 roep die Here ons om sy Woord aan mense van alle nasies te verkondig. Wat is ons antwoord op hierdie roeping?

Sing: Psalm 8:1,5 Dr N Vorster (Bultfontein)